Kategese program vol nuwe dinge!

Op Sondag 15 Januarie het die kategese groepe vir die eerste keer hierdie jaar bymekaar gekom en ons sien uit na ‘n jaar waar ons meer leer oor die Woord van God, Sy liefde vir ons en ons antwoord op Sy liefde. Soos in die verlede maak ons gebruik van verskillende handleidings vir die kleuterkerk, junior- en senior kategese, sowel as die Belydenisklas. Ons is veral opgewonde oor ‘n nuwe toevoeging tot hierdie reeks handleidings, naamlik “Faceboek – Vriende van God”. Dit is gerig op tieners en sal gebruik word by die senior kategese. Hier is die goeie nuus: die kerkraad voorsien gratis ‘n boek aan elke tiener in die senior kategese!

Hier is ‘n kort opsomming en lusmaker vir ons tieners om julle ‘n idee te gee wat die boek behels. Ons nuwe gespreksgids “Faceboek” werk met die veronderstelling dat ons elkeen 'n *profile* het. Of dit nou is soos jou vriende jou elke dag sien, en of dit jou *profile* is wat jy op *Facebook* sit – ons elkeen het ’n *profile*. Vanjaar wil ons jou bekendstel aan ’n hele klomp Bybelkarakters en na elkeen se *profile* kyk. Hulle elkeen het ’n baie interessante *profile*. Daar is die vroom godsdienstiges, dié wat God glad nie geken het nie, die oneerlikes, die hoëkoppe, die twyfelaars, die profete, die armsaliges, die kerkmense, die verraaiers, die soekendes en die eenvoudige gelowiges – ’n heerlike *mix* van *profiles* wat jy ook in jou omgewing kan kry.

Die merkwaardige is egter dat hierdie mense se *profile* verander het toe hulle 'n ontmoeting met God gehad het. Dit sal jy elke keer sien wanneer jy met een van hierdie Bybelkarakters kennis maak. Nie almal se ontmoeting met God het goeie gevolge gehad nie, maar ’n mens kan tog elke keer iets by hulle *profile* sit wat nie voorheen daar was nie.

Ook JOU *profile* verander gedurig. Dinge gebeur in jou lewe – jy trek dalk, gaan hou iewers vakansie, het ’n nuwe ou of meisie, begin met ’n nuwe sport, of wat ook al. Dan is dit tyd om jou *profile* te verander.

Dit is ook waar van jou geloofslewe en jou verhouding met Jesus. Wanneer Jesus jou help om jou lewe te verander en aan te pas en al hoe meer soos sy kind te leef, verander jou *profile* en jou *image* elke dag.

“Faceboek – Vriende van God” is gemodelleer op *Facebook*. Soos hierbo genoem draai elke ontmoeting om ’n Bybelkarakter en sy of haar PROFILE, met selfs 'n foto daarby. Interessante Bybelgedeeltes oor die Bybelkarakter is onder INFO. Op die WALL kan jy lees wat ander mense vir die betrokke Bybelkarakter sê, en daar is plek waar jy self vir die karakter iets kan neerskryf. Daar is ook nog ander foto’s van die karakter op die WALL.

By die CHATBOKS kan jy saamgesels oor die karakter en wat sy of haar *profile* vir jou as Christen vandag beteken. By CONNECT kry jy die geleentheid om met God, ander mense en jou omgewing te *connect*, want dit is belangrik dat ’n mens nie op ’n eiland sal leef nie, maar werklik sal *connect*. Ons hoop dat jou profile aan die einde van die jaar anders sal lyk as aan die begin van die jaar – dat mense vir Jesus in jou *profile* sal raaksien. Jesus verwelkom jou nou by die vriende van God – want Hy wil jou vriend wees!